

KREATIWITEIT

met David

DAVID VILJOEN, kreatiewe landskapsontwerper en tuinboukundige



Dink uit die boks

– Deel 1

tydens 'n onlange besoek aan Garden World-kwekery se jaarlikse tuinskou, was daar een tuin waar die ontwerpers se "uit-die-boks"-denke my aandag getrek het deur lewe en interessantheid te gee aan iets wat alledaags kan wees.

Die basiese komponente van die ontwerp was 'n paadjie wat na 'n sitarea toe lei met 'n muur as agtergrond. Soms kan 'n eenvoudige ontwerpvoorstel heel ordinêr klink, maar dit is die afwerking en die detail van die finale produk wat al die verskil sal maak.

Om uit die boks te dink, beteken om met kreatiwiteit na verskillende aspekte van 'n ontwerp te kyk en jou eie stempel daarop af te druk. Ek wil graag met julle die dinkwerk agter 'n paadjie deel om hierdie benadering te verduidelik.

Vlakke

Deur die loopoppervlak van die grond af te lig en dit onreëlmatig op en af te laat trap, word 'n reghoekige vertikale golfbeweging na die eindbestemming teweeggebring. Die area vertoon groter deurdadigheid elke vlak 'n ander area in die ontwerp voorstel. Dit is verbasend wat 'n enkele klein vlakverskil aan die dimensie van die tuin kan maak.

Links en regs

Nie net beweeg die paadjie op en af nie, maar ook van links na regs. Sulke lyne in 'n ontwerp forseer die onderbewussyn om die tuin ook sywaarts te verken. Minder aandag word sodoende op die eindbestemming geplaas en meer fokus sal op die res van die tuin wees.

Gebroke paadjie

Die gapings tussen die trapblokke skep pouses in die loopoppervlak en verkort die visuele lengte van die paadjie. Outomaties word die spoed van die besoeker gebreek en word meer geleentheid geskep om die tuin rustig te verken. Die hele ervaring van die tuin word vergroot met elke oortrapslag.

Lyne

Aangesien alles in die ontwerp reghoekig opmekaar pas en die paadjie met 'n diagonale lyn sy verskyning maak, is die gebruik van individuele vierkantige trapblokke in die paadjie baie effektief om dit met die res van die tuin te versoen. Die paadjie breek ook nie die tuin in twee nie, maar vloei mooi saam om 'n eenheid te vorm.

Aandag

Omdat die sitarea alreeds so prominent is, sou dit die ontwerp oorheers as daar 'n lang, reguit paadjie was wat daarheen gelei het. Só 'n paadjie sou soos 'n pyl al die aandag op die hoofokuspunt

(sitarea) vestig en die visuele impak van ander detail minder opsigtelik maak en agterweë laat.

In die volgende uitgawe kyk ons na ander detail, kontras, hoe die paadjie inskakel by die res van die ontwerp, afmetings, loopritme, besoekers se vereistes wat in ag geneem moet word en sigbaarheid in dié tuin. ■



▲ Dié besondere tuin, waar die ontwerpers uit die boks gedink het, het baie aandag getrek by Garden World-kwekery se jaarlikse tuinskou.

Vir navrae, skakel David Viljoen van Mercury Designs by 011 894 2430 of 082 468 3142, of stuur vir hom 'n e-pos na: david@mercurydesigns.co.za.
Gaan hou ook van ons Facebook-bladsy "Wysboek op Facebook".



Wysboek op
Facebook

